**27 Januarie** **Skrifgedeelte: Jesaja 9:1-10:4**
**Fokusgedeelte: Jesaja 9:17-18**

**Vuur word met vuur beveg**

Ons Skrifgedeelte praat van 'n vreeslike vuur. Dit is 'n vuur wat mense soos brandhout verteer (Jes 9:18). Hierdie vuur se naam is "goddeloosheid" (Jes 9:17). Goddeloosheid veroorsaak dat mense net vir hulleself lewe en nie oor ander bekommerd is nie. Links en regs verslind mense mekaar sonder om versadig te word (Jes 9:19). Almal, die hele samelewing (Jes 9:16), ly onder hierdie leefstyl, maar niemand wyk daarvan af nie. Selfs in teëspoed verhard mense se gesindheid en bly hulle in trotsheid net op hulleself vertrou (Jes 9:8).

God straf mense wat so leef deur hulle oor te gee aan die slegte gevolge van sulke goddeloosheid en selfsug. Sy hand "bly uitgesteek" teen sulke mense (Jes 9:11, 16, 20; 10:4). Magsmisbruik op militêre (Jes 9:10-11), politieke (Jes 10:1) en sosiale (Jes 10:2) gebied is deel van die slegte gevolge wat 'n goddelose samelewing verteer. Dit alles is maar net 'n voorsmaak van die ewige vuur wat sal brand op die oordeelsdag (Jes 10:3).

In Jesaja 9 is daar egter ook sprake van 'n ander vuur, die vuur van God se liefde! Hierdie vuur begin helder brand met die geboorte van Jesus Christus (Jes 9:5). Christus verheerlik God deur onselfsugtig die goddelose wêreld se sonde op Homself te neem en daarvoor te sterwe. Só beveg God die vuur wat deur goddeloosheid aangesteek is met *die vuur van sy liefde*! Uiteindelik sal alle militêre geweld ("soldateskoen") en politiek-sosiale geweld ("uniform") deur hierdie vuur verteer word (Jes 9:4). God se ryk van vrede sal seëvier!

Pak dus hierdie dag met ywer aan, maar maak eers seker watter soort vuur in jou brand!

*Sing: Psalm 37:1, 3, 5, 6 (2001)* *Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*